| **Graad 8** | **Afrikaans Huistaal** | **Maart 2024** |
|---|---|---|
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees** |

**Uittreksel uit ’n jeugverhaal:** Die seer van die lewe

1 Soos al die ander dae, tree ons kinders met blink gepoetste skoene en ’n netjiese uniform voor ons klasse aan. Meneer Cronjé, ons klasonderwyser, daag op. Meneer Cronjé kielie Paul in sy nek. “Die hare nie ’n bietjie te lank nie? Jy ken mos die skoolreëls.”

2 Ons haal ons Afrikaanse boeke uit. Vir meneer Cronjé is Afrikaans die ABC van die lewe. “Geen vraag kan beantwoord word as julle nie die vraag met begrip kan lees nie.”

3 Soos al die ander skooldae word boeke en skryfbehoeftes uitgehaal, werk verduidelik, vrae gevra en beantwoord. Tóg verskil vandag van die ander dae. Freddie se hand is nie soos gewoonlik eerste op as ’n vraag gevra word nie. Hy staar net voor hom uit. Gedurende pouse speel hy nie saam albaster nie. Hy sit net eenkant met sy kop tussen sy bene.

4 Op pad huis toe sê hy nie ’n woord nie. “Freddie, waarom so stil? Waar is die Freddie wie se hand altyd eerste op is en waar is die Freddie wat altyd uit sy maag lag? Het jy hom dan vandag by die huis vergeet?” bombardeer Paul hom met die vrae.

5 Hy kyk vir Paul stip in die oë. Die hartseer kan in sy oë gesien word.

6 “Dit was vir my ma vreemd waarom my pa nie meer, soos in die verlede, elke Woensdag gaan gholf speel het nie. Dis of hy amper geen eetlus meer het nie. Hy het gewoonlik ’n tweede bord kos ingeskep, maar die afgelope twee maande krap hy behoorlik net sy kos deurmekaar. Ek mis die pa wat altyd staaltjies uit sy kinderdae vertel het. Gisteraand het dit vir my gevoel of hy my met ’n beker koue water in die gesig gooi. Ek was geskok maar ook kwaad vir hom, aangesien hy nie al reeds ses maande gelede vir ons gesê het dat hy met kanker gediagnoseer is nie.”

7 Hulle stap in stilte verder. Al wat hulle kan doen, is om daar te wees vir Freddie.

**Hardoplees:** Die seer van die lewe

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees, pousering en tempo: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Volume, hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Graad 8** | **Afrikaans Huistaal** | **Maart 2024**

**Vraestel 1** | **Afdeling B** | **Luister en praat**

**Toespraak:** Veroudering en verandering

1 Dames en here, verandering by die uiterlike voorkoms van die mens is onvermydelik. Ongevraagde plooie, ’n boepie en grys hare neem van ons besit hoe ouer ons word. Al kleur vrouens hul hare en kam ’n kuifie oor hul voorkoppe om die plooie weg te steek, sal haar hande haar altyd verraai dat sy nie meer die meisie van dertig jaar gelede is nie. Die *six pack* waarop mans so trots kan wees, moet plek maak vir ’n boepie.

2 Vandag wil ek julle aandag daarop vestig dat byname en herinneringe nooit verander nie. Sal ek ooit vir tannie *Seerbeen* op Tontelbos vergeet? Die tannie wie se een been langer as die ander een was. Ek skaam my as ek terugdink hoeveel keer ons kinders agter haar rug vir haar gelag het as sy gestap het. Een been lank en een been kort. Selfs die bejaardes in die aftree-oord noem haar vandag nog tannie *Seerbeen*. Al verskil is: Hulle lag ten minste nie vir haar nie.

3 Ek sal ook nooit vir oom *Gert Grootlieg* vergeet nie. As kinders het ons altyd saam met hom gaan visvang. Pa het gewoonlik saamgekom. Langs die viswaters sal hy ons dan van die vis wat hy die vorige week gevang het, vertel. As ons hom ’n uur later sou vra hoe groot die vis was, het hy etlike sentimeters gegroei. Met elke vertelling het die vis gegroei. Pa het hom altyd aangekyk en gesê: “Gert, is jy seker dis dieselfde vis waarvan jy ons ’n uur gelede vertel het? Hierdie vis is dan nou groter as die vorige een. Hoe ’n wonderlike verbeelding het jy net nie. Bied jy nie jou verbeelding dalk te koop aan nie?” Glo my, tot vandag groei elke vis wat hy vang.

4 Kom ons grawe ’n bietjie dieper. Soms mag ons aangename herinneringe van die verlede hê en soms onaangename herinneringe. Die aangename herinneringe kan vertroetel word, terwyl die onaangename herinneringe jou kan insluk en soms selfs jou toekoms kan bepaal.

5 ’n Liefdevolle persoon sal altyd liefdevol optree en vrede nastreef. ’n Skelm persoon wil homself net verryk. Ons moet op ons hoede wees vir mense wat skinderstories en onwaarhede versprei. Haatdraende persone is gewoonlik verbitterd en diep ongelukkig. Ons besef dat ons niks aan veroudering kan doen nie, maar is dit regtig nodig dat onaangename herinneringe ons toekoms moet bepaal?

6 Ons moet vir onsself besluit oor watter karaktereienskappe ons beskik. Indien dit nie goeie karaktereienskappe is nie, is dit nie miskien tyd vir karakterontwikkeling nie?

**Toespraak:** Veroudering en verandering

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Noem TWEE maniere hoe ons ons vel kan verniel.** | **/2** |
| **2** | **Waarom reken jy is dit aangewese dat ’n onderwyser op ouderdom 65 behoort af te tree?** | **/1** |
| **3** | **Waarom reken jy kan ’n boer nie tot op ouderdom 90 nog steeds boer nie?** | **/1** |
| **4** | **Hoe <u>verskil</u> die uiterlike voorkoms van ’n kind met dié van ’n bejaarde?** | **/1** |
| **5** | **Wat is die <u>kerngedagte</u> van paragraaf 1?** | **/1** |
| **6** | **Reken jy die inhoud van paragraaf 1 is <u>geloofwaardig</u>? Indien wel, verskaf die rede vir jou antwoord.** | **/1** |
| **7** | **Waarom sou jy sê dat byname nooit sal verander nie?** | **/1** |
| **8** | **Oor watter onaanvaarbare <u>karaktereienskap</u> het die kinders beskik wat vir tannie *Seerbeen* gelag het?** | **/1** |
| **9** | **Waarom reken jy lag die bejaardes nie vir tannie *Seerbeen* nie?** | **/1** |
| **10** | **Waarom sou jy sê dat oom Gert se naam by sy vertellings gepas het?** | **/1** |
| **11** | **Reken jy Pa was ernstig toe hy met oom *Gert Grootlieg* gepraat het? Verskaf die rede vir jou antwoord.** | **/1** |
| **12** | **Noem op slegs EEN manier hoe onaangename herinneringe jou toekoms kan bepaal.** | **/1** |
| **13** | **Waarom is oogkontak, gesigsuitdrukkings, stembuiging en vrae wat die spreker stel en dan self antwoord van kardinale belang by ’n <u>toespraak</u>?** | **/1** |
| **14** | **Waarom is oorredende taalgebruik, ’n treffende inleiding en ’n toepaslike slot van kardinale belang by ’n <u>toespraak</u>?** | **/1** |
| | **Totaal: 15** | **/15** |

**Toespraak:** Respek

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Treffende inleiding, toepaslike slot en inhoud: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Feite en oortuigende taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, gesigsuitdrukkings en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**GROOT TOTAAL: 30÷2=15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Graad 8</u>** | **<u>Afrikaans Huistaal</u>** | **<u>Maart 2024</u>** |
| **<u>Vraestel 2</u>** | **<u>Afdeling A</u>** | **<u>Leesbegrip</u>** |

**1 Redenerende opstel:** <u>Voorstander van die werkende ma</u>

1 Baie mense gaan van my verskil. Ek besef dit maar te goed. Ek hoop ek kan hulle tot ander insigte bring. Nee, ek hoop nie so nie, ek wéét dat hulle ná die lees van hierdie redenasie van my tot ander insigte oor die werkende ma sal kom.

2 Baie mense reken dat die ma te eniger tyd vir haar kinders daar moet wees. Mense wat nie 'n voorstander van die werkende ma is nie, reken dat geen kind met sy of haar eerste skooldag net by die skool afgelaai moet word nie. Volgens hulle moet die ma ook genoeg tyd op hande hê om haar kind met sy of haar huiswerk te help. Hulle reken ook dat die ma soveel moontlik tyd aan die kind tydens sy vormingsjare moet spandeer.

3 Ja, die vormingsjare is die belangrikste jare in die kind se lewe. Daarvoor is dagsorg daar. Hier ontvang die kind intensiewe aandag. Daar is nie nog dagtakies wat afgehandel moet word nie.

4 Werkende ma's kan nog steeds hulle kinders met hul eerste skooldag by die skool aflaai. Sy tref net reëlings met die werk dat sy 'n bietjie later sal inkom.

5 Soms ontvang kinders ekstra klasse ná skool. Ons moet ook besef dat die ma nie noodwendig 'n opgeleide onderwyseres is nie. 'n Opgeleide onderwyseres beskik oor die kennis om toe te sien dat die kind die werk verstaan, indien hy ná skool by die nasorg sou bly. Nou mag die mense wat nie voorstanders van die werkende ma is nie, redeneer: Waarom geld uithaal om toe te sien dat my kind die werk moet verstaan, terwyl ek self die werk aan hulle kan verduidelik? Wel, as die ouer werklik net die beste vir die kind wil hê, sal hy of sy bereid wees om sy of haar beursie oop te maak.

6 Ongelukkig sien die mense wat nie voorstanders van die werkende ma is nie, nie die groter prentjie nie. Alles kos geld. Klere, vermaak, professionele afrigting wat die kind in sport ontvang, sporttoerusting en die bywoon van ekstra klasse. So kan hierdie lysie langer en langer word. Hoe nou?

**1.1 Dra die <u>inhoud</u> van hierdie redenasie genoeg gewig om die leser te oortuig dat dit voordeliger vir die kind is, indien die ma sou werk? Verskaf DRIE redes vir jou antwoord.** (3)

**1.2 Waarom sou jy sê dat die skrywer nie slegs die feite noem nie, maar ook daarop uitbrei?** (1)

**1.3 Lees paragraaf 6. Tot watter <u>gevolgtrekking</u> kom jy?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**2** **Ondersoekverslag:** Klagtes oor huiswerklading

1 Ouers is besorg dat hulle kinders te veel huiswerk kry. Hulle is van mening dat te veel toetse op een dag geskryf word. Hulle is ook bekommerd, aangesien hulle kinders nie altyd die werk waaroor hulle ’n toets skryf, verstaan nie. Ook is hul bekommerd oor hul kinders se uitslae. Hulle het meneer P. Swanepoel, die skoolhoof van Hoërskool Plettenbergbaai, gevra om die aangeleentheid te ondersoek.

**Verwysing:** Op versoek van die skoolhoof sal die adjunkhoof, meneer D. Kotzé, en ’n leerder uit elke graad die saak ondersoek.

3 **Prosedure:**

- ’n Vraelys oor huiswerktake in elke vak is saamgestel en uitgereik aan al die onderwysers.
- Die werk wat vir die dag behandel is, moes op hierdie vraelys aangebring word.
- Die huiswerk wat gegee is, moes ook op hierdie vraelys aangebring word.
- Die onderskeie datums van toetse in die onderskeie vakke moes ook op hierdie vraelys aangetoon word.
- Die gemiddelde persentasie per toets moes aangebring word.
- Die onderskeie huiswerktake en datums van toetse is deur die skoolhoof en die adjunkhoof bespreek. ’n Voorlopige verslag is saamgestel.

4 **Bevinding en gevolgtrekking:**

- Al die onderwysers gee te veel huiswerk.
- Die huiswerk het nie altyd op die werk wat daardie spesifieke dag behandel is, betrekking nie.
- Kinders verstaan nie altyd die werk nie.
- In baie gevalle mag daar meer as een toets op dieselfde dag geskryf word.

5 **Aanbeveling:**

- Onderwysers moet minder huiswerk gee sodat die kind meer vrye tyd het.
- Onderwysers mag slegs huiswerk gee, indien die kind die werk verstaan.
- Toetse moet handel oor die werk wat behandel is.
- ’n Toetsrooster moet deur die adjunkhoof opgestel word.

**2.1** **Wat wou meneer Kotzé vasstel in sy <u>ondersoek</u>?** (3)

**2.2** **Verskaf slegs EEN rede waarom die huiswerk wat vir die leerders gegee is, ook op hierdie verslag aangebring moes word.** (1)

**2.3** **Waarom sou jy sê die bostaande leesteks is ’n voorbeeld van ’n <u>ondersoekende verslag</u>?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**3 Kortverhaal:** Wegloopwinter

1 Anders as in Herman se lewe, kom en gaan winters. Dis egter vir Herman of die winter in sy lewe hom nie wil los nie. Die koue, donker winter. Dit hou net aan en aan.

2 Herman moes sy kafee se deure noodgedwonge weens die voortslepende beurtkrag sluit. Gesprekke met kliënte wat brood en melk kom koop het, was iets van die verlede. Gereelde kliënte moes noodgedwonge elders vars groente en vrugte gaan koop. Brood, vars uit die oond, het al minder op die rakke verskyn. Die diesel vir die kragopwekker het die wins wat hy gemaak het, soos ’n gulsige monster ingesluk. Gedurende beurtkrag was nie slegs sy kafee in donker gehul nie, maar ook sy gemoed. Depressie het hom al stywer in sy greep gekry. Tot daardie dag wat hy gehoop het nooit sou aanbreek nie. Daardie dag wat hy sy getroue kliënte in die steek moes laat.

3 Dit het vir hom gevoel of hy vasgevang is in ’n nimmereindigende kouefront. Hy het besef dat hy uit hierdie winter in sy lewe moes ontsnap. Om hier op die stoep op sy hoewe te sit en die winter in sy lewe uit te rek, is nie regverdig teenoor sy vrou en kinders nie. Sy kinders verdien beslis nie ’n verbitterde pa nie. ’n Pa wat homself bejammer en teen Eskom in opstand kom. ’n Pa wat vergeet het hoe dit is om liefde te gee. Hy het hom tot sy tweede liefde gewend. Sy liefde vir boerdery.

4 Hy het vir hom ’n paar beeste aangekoop. Vroeg opstaan om die koeie te melk, was sy voorland. Sy vrou het reeds soggens vroeg melk in die dorp gaan aflewer. Nie lank nie, of hy het genoeg kapitaal gehad om meer beeste aan te koop. Later het hy ook met skape begin boer. Die liefde en geluk wat uit sy kinders se oë gestraal het terwyl hulle die twee hanslammetjies melk gee, het die winter in sy gemoed verdryf. Watter voorreg is dit net nie om die boerdery met jou kinders te kan deel nie!

5 Vir die eerste keer het hy besef dat sy lewe weer vol is. Hy vind genot daarin om die koeie te melk, lusern aan te plant en die blydskap in sy kinders se oë te lees. Hy het weer kans gesien om die lewe aan te pak. Hy het die monster van depressie begrawe. Hy het weggestap van die winter in sy lewe! Uiteindelik het die lente in sy lewe aangebreek!

**3.1 Watter <u>emosie</u> ervaar Herman in paragraaf 2?** (1)
**3.2 Hoe weet ons dat Herman uit die greep van depressie ontsnap het?** (2)
**3.3 Lees paragrawe 2&5. Waarom sou jy sê dat daar <u>karakterontwikkeling</u> by Herman plaasgevind het?** (1)
**2.4 Hoe hou paragrawe 4&5 verband met die <u>titel</u>?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**4 <u>Gedigte</u>**

**4.1 Dui die <u>rympatroon</u> in die onderstaande strofe van "Die bokser" aan.**

"Die grense van die kleine kryt…
In hellende onvastigheid…
Waar wit bors fier teen wit bors staan…
En skim teen skim die skynhou slaan…" *Ernst van Heerden* (1)

**4.2 Waarmee word die kleur van die kranse in die onderstaande strofe van "Reën oor die berge" <u>vergelyk</u>?**

"Oorkant teen die roesrooi kranse,
blink meteens 'n waterval,
want die son breek deur die wolke
en laat skitter berg en dal." *Piet Swanepoel* (1)

**4.3 Watter vorm van <u>beeldspraak</u> tref ons in die onderstaande versreëls uit "Vakansie by die see" aan?**

"Die brons baaiers keer warm en lui
met bruin enkels en seeskoon
blonde voetsole terug om voor ete
te gaan stort:
    en uit waternette
maak die maan haar los
en hang-
'n deurskyndruppel vuur
bo die kwik-onrustige water." *Johann de Lange* (1)

**4.4 Watter <u>effek</u> verkry ons in die onderstaande versreëls uit "Ou Oom"?**

"Maar hy rus in die leunstoel
wat op en af kan ry-" *W.E.G. Louw* (1)

**4.5 Lees die onderstaande strofe van "Die mot en die kers". Wat het op die ou end met die mot gebeur?**

"Die wieletjie draai ál groter genot:
    En die lig en die gloed word ál groter genot:
En die vellings word nouer ál rondom die as –
    En die end van die wiel is die as van die mot." *C.J. Langenhoven* (1)

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 20** **/20**

**Graad 8** | **Afrikaans Huistaal** | **Maart 2024**

**Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal**

1 Artikel

Baie mense reken dat ouers die oorsaak van probleemkinders is. Hulle reken dat die huislike omstandighede en opvoeding ’n groot rol speel. Sommige kenners reken dat ouers se rol in hul kind se lewe nie genoeg benadruk kan word nie.

**1.1 Skryf die onderstreepte sin in reël 1 oor in die ontkennende vorm.**
**1.2 Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 2.**
**1.3 Skryf die onbepaalde voornaamwoord in reël 3 neer.**
**1.4 Dui die onderwerp in die onderstreepte sin in reëls 3&4 aan.** (4)

2 Koerantberig

Terwyl Hannes rustig in die televisiekamer na sy gunsteling-televisieprogram gekyk het, het twee gewapende mans die deur oopgeskop. Hy het hom lam geskrik.

**2.1 Skryf die bywoord van wyse in reël 1 neer.**
**2.2 Skryf die byvoeglike naamwoord in reël 2 neer.**
**2.3 Skryf die samestelling in reël 2 neer.**
**2.4 Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in reël 3.** (4)

3 Inligtingsteks

Daar is bevind dat kinders wat met honde grootword, ’n groot liefde vir diere ontwikkel. Hulle sal hemel en aarde beweeg om hul honde altyd gelukkig te hou. Iemand wat blind is, word deur ’n gidshond gelei.

**3.1 Skryf die skeibare werkwoord in reël 1 neer.**
**3.2 Gee die verkleinwoord vir die onderstreepte woord in reël 1.**
**3.3 Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in reël 1 neer.**
**3.4 Gee die betekenis vir die onderstreepte *idioom* in reëls 2&3.** (4)

4 Verslag

Werkgewers moenie sulke hoë verwagtinge van hul werknemers hê nie. Hulle moenie hul werknemers oorlaai met die werk nie. Hulle moet eerder meer mense aanstel. Meer werkskepping kan tot die verlaging in persentasie van die werkloses lei.

**4.1 Skryf die byvoeglike naamwoord wat in die *verboë vorm* voorkom in reël 1 neer.**
**4.2 Skryf die onderstreepte sin in reël 1 oor as ’n vraagsin.**
**4.3 Skryf die onderstreepte sin in reëls 3&4 oor in die verlede tyd.** (3)

**Totaal: 15** **/15**

| **Graad 8** | **Afrikaans Huistaal** | **Maart 2024** |
|---|---|---|
| **Vraestel 3** | **Skryf** | |

**Skryf ’n <u>verhalende opstel</u> van 140–160 woorde oor EEN van die volgende.**

Die lewe bly maar ’n raaisel. / Die rampspoedige wittebrood.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gebeure, chronologie, inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Skryfstyl en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n <u>beskrywende opstel</u> van 140–160 woorde oor EEN van die volgende.**

Die hartseer in my lewe. / Tannie Hes Bolla.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywende woorde, idiome en beeldspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf ’n <u>vriendskaplike brief</u> van 120–140 woorde aan jou ouers en vertel hulle meer van ’n voorval in die koshuis / op jou oupa se plaas.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, interessant, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik en uitleg: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Skryf ’n <u>ondersoekende verslag</u> van 120–140 woorde oor: Bedelaars in die gemeenskap.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Doel, navorsing en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Bevinding en gevolgtrekking: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Memorandum** **Maart 2024**

**Toespraak:** Veroudering en verandering

1.1 As jy rook.
1.2 As jy dwelms gebruik.
1.3 As jy sonbrand sonder om ’n sonskerm aan te smeer.
1.4 As jy aan ’n atletiekbyeenkoms deelneem en nie ’n sonskerm opsit nie.
**(enige ander TWEE aanvaarbare antwoorde wat met die vraag verband hou)**

2 Aangesien hy nie meer die krag het om boeke na te sien, onderwys te gee of buitemuurs te gee nie.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat met die vraag verband hou)**

3 Hy het nie meer die krag nie.

4

| ’n Kind | Die bejaarde |
|---|---|
| Hy het nie plooie nie. | Hy het plooie. |
| Sy vel is nie verrimpeld nie. | Sy vel is verrimpeld. |
| Hy het nie grys hare nie. | Hy het grys hare. |
| Hy het nie vlekke op sy vel nie. | Hy het vlekke op sy vel. |
| Sy hare is nog welig. | Sy hare is yler. **(slegs EEN)** |

5 Tydens veroudering vind verandering by die voorkoms van die mens plaas.
6 Ja. Tydens veroudering vind verandering by die voorkoms van die mens wél plaas.
7 Aangesien byname vir mense gegee word op grond van hul voorkoms en onveranderde handelinge en optredes.
8 Hulle het nie respek vir ouer mense nie.

9 Hulle begryp dat sy nie kan help as haar een been langer as die ander een is nie. / Hulle is volwasse. **(slegs EEN)**

10 Aangesien hy altyd gelieg / gejok het.
11 Nee. Hy het hom geterg.

12 Indien jy as kind mishandel is, mag jy altyd ’n vrees hê. /
Jy mag die een wat jou mishandel het, haat.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat met die vraag verband hou)**

13 Om die belangstelling van die gehoor te behou.
14 Om die gehoor te oorreed.

**1 Redenerende opstel:** Voorstander van die werkende ma

1 Die inhoud dra beslis gewig.

1.1.1 By die dagsorg ontvang die kind intensiewe aandag, terwyl die aandag van die ma by die huis baie keer verdeeld is.

1.1.2 Die werkende ma kan met haar werk reël om haar kind die eerste dag van sy skoolloopbaan by die skool af te laai.

1.1.3 Dis tot die kind se voordeel om ná skool by die nasorg te bly en sy huiswerk daar te doen, aangesien daar onderwysers is wat die werk aan hom kan verduidelik, indien hy nie die werk sou verstaan nie.

1.1.4 Indien die ma sou werk, is daar meer geld vir klere, vermaak, professionele afrigting, sporttoerusting en ekstra klasse. **(slegs DRIE)**

1.2 Sodoende is die moontlikheid daar dat hy die leser makliker kan oortuig. / Deur die rede vir sy argument te verskaf, kan hy die leser makliker oortuig.

1.3 Indien die ma sou werk, is daar genoegsame geld vir klere, vermaak, professionele afrigting, sporttoerusting en die bywoon van ekstra klasse. Sy kan gevolglik net die beste vir haar kind gee.

**2 Ondersoekende verslag:** Klagtes oor huiswerklading

2.1.1 Hy wou sien of die leerders nie te veel huiswerk kry nie.

2.1.2 Hy wou sien of die werk wél behandel is.

2.1.3 Het die huiswerk wat gegee word, betrekking op die werk wat behandel is?

2.1.4 Hy wou sien of die leerders die werk verstaan waaroor hulle ’n toets skryf.

2.1.5 Hy wou sien of die leerders nie meer as een toets op ’n dag skryf nie. **(DRIE)**

2.3 Om te sien dat die leerders nie te veel huiswerk kry nie. /
Om te sien of die huiswerk wél aansluit by die werk wat behandel is.
**(enige van bostaande antwoorde is aanvaarbaar)**

2.4 Inligting word tydens die verslag ingesamel. Daarna volg die bevinding en aanbeveling.

**3 Kortverhaal:** Wegloopwinter

3.1 Die emosie van depressie / moedeloosheid.

3.2 Hy vind genot daarin om die koeie te melk, lusern aan te plant ✔en die liefde en geluk te sien wat uit sy kinders se oë straal terwyl hulle die hanslammetjies melk gee. ✔

3.3

| Paragraaf 2 | Paragraaf 5 |
|---|---|
| Hy is depressief. | Hy is nie meer depressief nie. |

3.4 Herman was nie meer depressief nie, maar het weer genot geput uit die lewe/ Hy het uit die winter in sy lewe gestap. **(enige een is aanvaarbaar)**

## 4 Gedigte

4.1 Die bokser

"Die grense van die kleine kryt… a
In hellende onvastigheid… a
Waar wit bors fier teen wit bors staan… b
En skim teen skim die skynhou slaan…" b

4.2 Reën oor die berge

Dit word met roes vergelyk.

4.3 Vakansie by die see

Ons tref personifikasie in hierdie strofe aan.

4.4 Ou Oom

Die effek van beweging.

4.5 Die mot en die kers

Die mot het doodgebrand in die kersvlam.

**Memorandum** **Maart 2024**

**Taal**

1 Artikel

1.1 Nie baie mense reken dat ouers die oorsaak van probleemkinders is nie.

| 1.2 | Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|---|
| | Groot | groter | grootste |

1.3 Sommige kenners

1.4 Sommige kenners reken dat ouers se rol in hul kind se lewe nie genoeg benadruk kan word nie.

2 Koerantberig

2.1 Terwyl Hannes rustig in die televisiekamer na sy gunsteling-televisieprogram gekyk het, het twee gewapende mans die voordeur oopgeskop.

2.2 Twee gewapende mans het die voordeur oopgeskop.

2.3 Hy het na sy gunsteling-televisieprogram gekyk.

2.4 Hy het hom boeglam geskrik.

3 Inligtingsteks

3.1 Daar is bevind dat kinders wat met honde grootword, ’n groot liefde vir diere ontwikkel.

3.2 Kinders – kindertjies

3.3 Daar is bevind dat kinders wat met honde grootword, ’n groot liefde vir diere ontwikkel.

3.4 Hulle sal alles in hul vermoë doen om hul honde altyd gelukkig te hou.

4 Verslag

4.1 Hulle moenie sulke hoë verwagtinge van hul werknemers hê nie.

4.2 Moet werknemers nie sulke hoë verwagtinge van hul werknemers hê nie?

4.3 Meer werkskepping kon tot die verlaging in persentasie van die werkloses lei.

**Naslaanbronne** **Maart 2024**


**Toespraak:** Veroudering en verandering
*Eugene van der Westhuizen*

**Redenerende opstel:** Voorstander van die werkende ma
*Eugene van der Westhuizen*

**Ondersoekende verslag:** Klagtes oor huiswerklading
*Aangepas: Anita Vogel*

**Kortverhaal:** Wegloopwinter
*Eugene van der Westhuizen*

**Die bokser**
Digter: *Ernst van Heerden*
*Afrikaans My taal* *Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 1975*
*P.F. de Klerk, B.J. Esterhuizen, H.J.R. Hammann, E.L. Neethling*

**Reën oor die berge**
Digter: *Piet Swanepoel*
*Kroonsteen-reeks* *Best Books, 2009*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*

**Vakansie by die see**
Digter: *Johann de Lange*
Uit: *Warrelwind* *Human & Rousseau,1984*
*Kroonsteen-reeks* *Best Books, 2009*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*

**Ou Oom**
Digter: *W.E.G. Louw*
*Klein Verseboek* *Tafelberg-uitgewers Beperk, 1959*
Saamgestel deur: *D.J. Opperman*

**Die mot en die kers**
Digter: *C.J. Langenhoven*
Uit: *Ons weg deur die wêreld, deel 2. Tafelberg, 1969*
*Kroonsteen-reeks* *Best Books, 2009*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*

**Artikel:** Oorsaak van probleemkinders *Eugene van der Westhuizen*
**Koerantberig:** Hannes aangeval *Eugene van der Westhuizen*
**Inligtingsteks:** Honde *Eugene van der Westhuizen*

**Verslag:** Die verhouding tussen werkgewers en werknemers
**Opgestel deur:** *P.J. Meiring en slaapdeskundige*